## 14 Januarie Daniël 1:1-21

### *Leef jou geloof*

'n Gelowige mag nie net sê dat hy of sy glo nie, maar moet bereid wees om sy of haar geloofsbeginsels uit te leef. Toe Daniël in Babilonië aangekom het as deel van die groep uitgesoekte jong manne in ballingskap vanaf Jerusalem, was hy maar vyftien jaar oud. Die jong man saam met sy vriende bevind hulle skielik in 'n vreemde omgewing onder die invloed van 'n hoog ontwikkelde maar heidense kultuur en opvattings. Ek wonder hoeveel van ons sal op vyftienjarige ouderdom (graad 9 of 10) in staat wees om heidense invloed met dieselfde beslistheid as Daniël en sy vriende te weerstaan. Die wêreldse plesier, vryheid en onverskilligheid lyk somtyds soveel aanlokliker. Maar God stel Daniël en sy vriende in staat om reg op te tree deur aan hulle drie besondere gawes te gee: verstand, insig en wysheid. Die verstand is kennis wat in die praktyk opgedoen word. Die insig behels logika en takt en die wysheid die mate van handigheid waaroor mens beskik. Binne 'n lewende verhouding met God ervaar hulle die beskerming van die Here. Die Here het vir jou gawes gegee wat jou in staat stel om jou geloof in 'n bose wêreld uit te leef. Hy sal jou nooit in die steek laat nie. Somtyds is sy seëninge onmiddellik en baie duidelik sigbaar, maar ander kere mag die seëninge vir 'n tyd uitgestel word. Maar geloof en gehoorsaamheid bring die seën van die Here - selfs te midde van moeilike omstandighede.

Sing: Psalm 66:7

Ds. J. Lion-Cachet (Port Elizabeth)